

2026  
25 Okt -  
01 Nov

# Eldo- Nuusbrieff

Hiér maak **JY** saak



**ELDORAIGNE**  
FAMILIEKERK  
Hiér maak **JY** saak

## Gedagte vir die week



Die Prediker leer ons dat met tyd alles vergaan. Alles is net tydelik: geld, werk, skool, geboue, emosies, mense, diere. Nou dit klink dalk baie depresief, maar ons moet iets hieruit verstaan wat die Prediker vir ons wil probeer leer: leef in die hede. *Carpe diem!* Gryp die dag! Leef elke dag tot die volste. Gee elke dag jou beste. Leef elke dag in dankbaarheid vir dit wat God aan ons geskenk het.

*Prediker 3:11-12 - Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd. Hy het ook die besef van tydsduur in hulle harte gegee, sonder dat die mens enigsins die werk wat God van begin tot einde doen, kan peil. 12 - Ek het besef dat daar tussen hulle niks beter is nie as om vreugde te ervaar en die goeie te geniet in die lewe.*

## Gebedsgedagte God luister as ons vra, soek en bly klop!



Vader God, hierdie is die laaste 2 weke voor 'n verkiesing in die land wat U vir ons gegee het. Soveel onreg vind daaglik plaas; Soveel geweld; soveel onverbloemde leuens verskuil in beloftes; soveel wat agter mense aanhardloop as hulle redders! Here, hoor ons gebede en gee ons die moed om U te verteenwoordig ongeag die druk van die wêreld. U is die weg en die waarheid - red ons van onself, Here! Amen

Mat 7 (7) "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. (8) Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word"

## Wat gebeur alles die maand?

### Eredienste:



Kyk die eredienste 'live' op  
YouTube!

#### **Sondag 25 Oktober**

09:00 Erediens (NAGMAAL)  
09:00 Mini-Chomps in die Ark  
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal  
18:00 Diens@6 Erediens (NAGMAAL) en  
Kleingroepe

#### **Sondag 1 November**

09:00 Buitelig Feesdiens  
Geen Mini- en Eldo-Chomps agv Feesdiens  
Geen Diens@6 agv Feesdiens


#### **Sondag 8 November**

09:00 Erediens  
09:00 Mini-Chomps in die Ark  
09:00 Eldo-Chomps in die Eldo-Chomps saal  
18:00 Diens@6 Erediens en Kleingroepe

**Soek jy 'n opsomming van  
laasweek se preek?**

*Kliek hier!*

**vir die Gespreksgids!**



Kry die kerkkalender  
op die kerk se  
webtuiste




# MIERNES KERSMARK KOM KYK, KUIER EN KOOP!!



28, 30, 31 OKTOBER

BRING VRIENDE, FAMILIE EN BURE .....



**Miernes Kersmark 2026**

- +- 100 uitstallers
- Kostuin en Teetuin
- Geskenke v hele gesin
- Uurlikse lucky draws
- Koop kaartjie en wen dalk 'n lam!
- Sa: Kinderpret en
- KERSVADER kom kuier

**29 Okt - 31 okt**  
**Do/Vr**  
**09:00-19:00**  
**Sa**  
**09:00-16:00**

**1045 Henri Eldoraigne**

 **ELDORAIGNE**  
FAMILIEKERK  
Hiër maak JY saak



**MIERNES KERSMARK  
FAMILIE KUIER EN KONSERT  
VRYDAG VANAF 16:00  
KOM KUIER SAAM!  
DIE KOSTUIN SAL OOP WEES TOT 19:30  
BRING DIE HELE FAMILIE....**



# Mini & Eldo-Chomps

**Datums vir die Vierde Kwartaal:**

25 Oktober - Kinderkerk

1 November - FEESSONDAG

8 November - Afsluiting in die Chompsaal



**Aandag alle Chompies:**

Daar wag heerlike speletjies met pryse en hope pret Saterdag 31 Oktober tydens die Miernes Mark.

Bring julle maatjies en kom speel saam!



Gaan besoek ons Facebook-blad vir meer inligting!



Diens@6 

## Diens@6 - 4de kwartaal



**25 Oktober** - Erediens en Kleingroep Partytjies

**1 November** - Geen Diens@6 agv Kersmark

**BUITELIG FEESDIENS 09:00**

**8 November** - Diens@6 Oppidek

**15 November** - Diens@6 Oppidek

**22 November** - Kersfees-aand Oppidek

**29 November** - Diens@6 Afsluiting vir 2026

Gaan besoek ons Instagram-blad vir meer inligting!



**1 Timoteus 4:12**

*"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid."*

**GHOLFERS@ELDO**

Maandag 16 Nov Kontak vir  
**Johan**  
**072 174 3915**  
**of Louis**  
**082 783 7975**  
 as jy kan kom saam speel.

**EIKEHOUT SENIOR KLUB**

Al die senior lidmate word hartlik uitgenooi na hulle jaarlikse afsluitings byeenkoms op 12 November. Dit gaan 'n heerlike kuier-oggend wees. **ALMAL IS WELKOM!**

**ADORAMUSDIENS/  
EUCHARISTIE**

Dinsdagaand  
 3 Nov om 18:30.  
 Kom deel in die  
 stilte.



*Kantoor Kaskenades*



Wat noem jy 'n vark wat karate doen?  
 'n Pork Chop

**BYBELSTUDIE**


Elke Dinsdag 9:30  
 Elke tweede Donderdag 18:30  
 Kontak **Christiaan** of **Fanie** vir meer inligting.

**HOBBY KLUB**

Het jy 'n interessante "hobby"?  
 Dit sal wonderlik wees as jy vir ons daarvan kom vertel en vir ons kom wys.

Kontak vir

**Ethel**  
**082 444 0302**



Eldoraigine Familiekerk is nou op Instagram!  
 Gaan volg ons deur [HIER](#) te kliek.

**MANNE- EN  
VROUEBEDIENING**

Dit was onder ons aandag gebring dat daar behoefte is aan 'n manne- en vrouebediening. Ons wil graag insette rakende dit hoor, vul dus asb die onderstaande Google vorm in.  
 Kliek [HIER](#)

## Kerssangdiens Sondag 15 November

Kom deel in hierdie pragtige en besondere gebeurtenis



### Kantoor rekenaar

Baie dankie vir al die bydrae tot die opgradering van die kerkkantoor rekenaar! Ons is nog in die proses om die rekenaar finaal te opgradeer. Ons sal julle ophoogte hou.





### Dankbaar<sup>10</sup>

Dankbaar<sup>10</sup> is een van ons gemeente se groot fondsinsamelingsprojekte. Dit behels 'n ekstra bydrae tot kollekte (die oud 10de maand prinsiep).

Gebruik asseblief die verwysing 'Dankbaar10' vir alle inbetalings. Die projek sal loop tot aan die einde van die jaar.

Alle bydraes word waardeer!



Bybel 101!



### Het jy geweet...

Stephen Langton, ou Aardsbiskop van Canterbury, het in 1204-1205 vir die eerste keer die Bybel verdeel in hoofstukke en verse (soos ons dit vandag het

Is jy deel van 'n  
Omgeegroep?

*Sluit aan!*

en word vandag  
nog deel!





"Save the date"

29 - 31 Oktober  
Miernesmark

15 November  
Gemeente Potluck

13 - 16 November,  
Lewensverryking  
Enkel Seminaar


**MIERNESMARK**



16 November  
Gholfers@Eldo

29 November  
Gemeenteraad Afsluiting

4 - 6 Desember  
Belydeniskamp



Lewensverryking Seminare

**SEPTEMBER**

4-7 Sept **Egpaar & Egpaar Opvolg**  
Conclave Country Lodge

**OKTOBER**

1-4 Okt **Tiener- & Tiener Opvolg Kamp**  
Thaba Morula

23-25 Okt **Huwelksvoorbereiding**  
Leribisi Lodge

**NOVEMBER**

13-16 Nov **Enkel & Enkel Opvolg**  
Conclave Country Lodge

**DESEMBER**

11 Des **Kantoor Sluit**

**BLY OP HOOGTE**


Ons webwerf het al die  
inligting oor seminare,  
inskrywings en ons sprekers.  
[www.lewensverryking.co.za](http://www.lewensverryking.co.za)

**Lewensverryking Seminare**

PLEK VAN VRYMAKING,  
VERNUWING EN VERRYKING!



Vir meer inligting,  
besoek hul  
webtuiste [HIER](#), of  
kontak hulle by:  
083 251 6725 /  
087 095 0512



## Kosboks projek

Baie dankie vir almal se bydraes om ons kosboksprojek suksesvol te maak. Ons bokse is nou volledig!

Soos altyd is ons dankbaar dat die Here nog elke jaar voorsien het in hierdie behoefte.



**Bring jou ou skoene en sit dit in die houters in die binnehof.  
Dit word afgehaal, heel gemak en aan haweloses uitgedeel.**



Klik op die bo-staande skakel vir meer inligting.



**Wil jy meer inskakel?**

*Raak Betrokke!*

**by ons Familie!**

# Verjaarsdae vir die week

**26 Okt**

Anita Carstens  
Liza Liebenberg

**27 Okt**

Melanie Dorfling  
Dassie Mills  
Juan van Zyl  
Reghardt Vermaak

**29 Okt**

Frans De Klerk  
Johan Hamman  
Almi Jacobs  
Mariette Palmer  
Dewald Visagie

**30 Okt**

Juanita Pieterse  
Elmarie Schlebusch

**31 Okt**

Elsa de Bruin  
Wilna Theron

**1 Nov**

Letta Jordaan  
Quintin Kruger  
Juan Van Wyk



## Baie geluk!

## Nuwe Intrekkers

*Welkom!*



Weet jy van iemand wat nuut is, verwys hulle asseblief na ons gemeentekantoor sodat ons hulle inligting op ons databasis kan plaas vir gereelde kommunikasie.

## Lief & Leed

Weet jy van enige lief of leed in die gemeente?



Skakel asseblief die gemeentekantoor by 068 031 8844 om die leraars in kennis te stel.

Het jy enige nood?

*Laat weet ons*

vir 'n gebedsversoek!



Vir almal se hulp en  
betrokkenheid sê ons

# Dankie!

Hiér maak JY  
saak!




## Terugvoer van die GR

### BORG 'n BOOM PROJEK

Verskeie bome op die kerkterrein gaan hierdie jaar nie weer bot nie. 😞 Die bome is aangeval deur die uiters destruktiewe PSHB besie (Polyphagous Shot Hole Borer) wat in simbiose met 'n fungus (*Fusarium euwallacea*), die boom se vog- en voedingskanale besmet, wat die boom laat sterf. Daar is tans géén bestrydingsmiddels teen hierdie plaag nie, en sodra 'n boom geïnfesteer word, sterf dit binne 'n baie kort tyd. Sodra al die dooie bome verwyder is - met groot dank aan Danie Rapp (wie aangebied het om dit kosteloos te doen!!) gaan 'n BORG 'n BOOM projek geloots word om die gapings wat in die tuin gaan ontstaan, met nuwe inheemse bome in te vul...

Hou hierdie spasie dop vir meer inligting oor hoe ons almal kan saamstaan & deelneem aan die herstel en omskepping van ons tuin in 'n pragtige, skaduryke lushof!!



[www.eldofam.co.za](http://www.eldofam.co.za)



Gaan besoek ons  
webtuiste vir meer  
inligting oor alles wat  
by die kerk gebeur!



# Kontak ons

## Eldoraïne Familiëkerk Bankbesonderhede

**Bank:** ABSA

**Tak:** Mall@Reds

**Tjekrek:** 3260140042

**Takkode:** 632005

**Verwysing:** Jou van en bv.  
"Dankoffer" of  
"Kollekte"

 SnapScan



Is jy bewus van ons WhatsApp Community groep? As jy of iemand wie jy ken nie op die Eldo-Community groep is nie, laat weet die Kerkkantoor asb! Dit is ons hoof kommunikasie middel.



**ELDORAÏNE**  
FAMILIEKERK  
Hiër maak **JY** saak

Gaan  
"Like" ons  
op  
Facebook!



**Gemeentekantoor ure:**

Maandag - Vrydag: 08:30 - 12:30



**NOMMERS**

Tel: 068 031 8844



**AANLYN**

bedien@eldofam.co.za  
www.eldofam.co.za



**ADRES**

Henriweg 1045,  
Eldoraïne, 0157


 **Of stuur ons 'n epos na:**  
bedien@eldofam.co.za

**Wil jy graag meer kontak  
met die leraars hê?**



**Christiaan Ackermann**

Epos: christiaan@eldofam.co.za  
Sel: 066 296 1650



**Fanie Fourie**

Epos: fanie@eldofam.co.za  
Sel: 074 933 2000



**vir huisbesoek, 'n  
telefoon oproep of net  
gesprek!**

# Aksies buite ons Gemeente



**INNOVATI•N**  
FOR THE BLIND

*Elke donasie maak 'n verskil.*

**Het u ons nuutste Infokus ontvang?**

Geagte Vriend,

Ons hoop u het ons nuutste Infokus ontvang en dit geniet om meer te lees oor ons mense en stories asook die uitreike en projekte waaraan ons deelgeneem het die afgelope tyd.

Niks hiervan sou moontlik gewees het sonder u ondersteuning en omgee nie. Danksy u bydraes kan ons inwoners nuwe ervarings beleef, spesiale herinneringe skep en elke dag met groter waardigheid en onafhanklikheid leef.

By Innovation for the Blind glo ons dat elke daad van omgee 'n verskil maak. U skenking, groot of klein, help ons om 'n omgewing te skep waar ons inwoners met waardigheid, liefde en groter onafhanklikheid kan leef.

*Baie dankie dat u omgee en saam met ons 'n verskil maak!*


INNOVATION FOR THE BLIND: A programme of Badisa  
NPO 011-891 • PO Box 933, Worcester 6849  
Tel: 023 347 2745 • reception@innovationfortheblind.org  
www.innovationfortheblind.org

BANKING DETAILS: Innovation for the Blind Fundraising  
ABSA Worcester • Current Acc Nr: 440 410 243 • Branch Code: 632005  
Please email your proof of payment to us - we would like to thank you.

Scan the QR code to make a donation via Zapper.



**Ondersteun asseblief  
die Aksies buite  
ons gemeente.  
Hier maak HULLE ook  
saak!**



[www.toibo.org.za](http://www.toibo.org.za)

**KINDERVREUGDE**

**HELP ONS ASSEBLIEF SODAT  
494 KINDERS WAT MAALTYE BY DIE  
SKOLE NUTTIG, OOK VOEDSEL OP  
DIE TAFEL HET GEDURENDE DIE  
FEESTYD**

**GESKENK VAN HOOP**

**SKENK NIE-BEDERFBARE VOEDSEL VOOR**

**10 NOVEMBER 2026 LYS BESIKBAAR**

**TRANSORANJE INSTITUUT VIR  
BUITENGEWONE ONDERWYS**

**TEL & WHATSAPP  
076 143 6961**

**ABSA TJEKREK NR  
020 840 145  
VERWYS: VM**



## Ondersteun asseblief ons adverteerders

Ondersteun asseblief Eldoraigine Fameliekerk se koffiebörg.



**HOMESCHOOL  
MARKET DAY**  
14th NOVEMBER 2026  
09h00 - 12h30  
ELDORAIGINE FAMILIEKERK  
Eldoraigine, Centurion

|            |              |
|------------|--------------|
| ★ GAMES    | ★ GIFTS &    |
| ★ BOERIES  | ★ TOYS       |
| ★ BURGERS  | ★ BOOKS      |
| ★ PANCAKES | ★ LOTS MORE! |

**JOIN THE FUN**

CONTACT LINDIE for more information  
or to book your stall: 083 283 3692

**Wil jy kom  
uitstal  
by ons  
KERMIS?**  
14 November 2026  
NG Raslouw  
H/v Theo & Theuns van Niekerk

**08:00-14:00**

|                                               |                                              |                                        |
|-----------------------------------------------|----------------------------------------------|----------------------------------------|
| <b>R150</b><br>vir 1ste tafel<br>in die saal. | <b>R100</b><br>vir 2de tafel<br>in die saal. | Buite met eie<br>Gazebo<br><b>R100</b> |
|-----------------------------------------------|----------------------------------------------|----------------------------------------|

Kontak Anne by  
**012-654 3936**  
of E-pos  
bemarking@ngkerkraslouw.co.za

**Plek is beskikbaar!!  
Maak gou en moenie wag nie!!**